'n Skattejag wat jou die kosbaarheid van die Bybel sal laat ontdek

# My Bybelse Skatkis




Dave Strehler

Copyright © 2014, Dave Strehler
This publication may only be used for private, nonprofit purposes.

www.truthforkids.com

# Inhoud


Die skepping .................................... 1
Dis hoe dit alles begin het .................. 3
Sonde .............................................. 5
God se vyand .................................... 6
Versoeking ........................................ 8
God maak 'n plan .............................. 10
Jesus, die lam van God ...................... 12
Jesus word op aarde gebore .............. 14
Jesus sterf vir ons sondes .................. 16
Hy lewe! .......................................... 18
Jesus vergewe .................................. 20
Gaan vertel vir die wêreld .................. 22
Jesus gaan terug hemel toe ............... 24
Wat moet ek doen? ........................... 26
My helper ........................................ 28
Ek is vry .......................................... 30
Om vir God te gee ............................ 32
Groei in die geloof ............................ 34
Praat met God .................................. 36
Lewe in die lig .................................. 38
Die Bybel ........................................ 40
Reg om te veg .................................. 42
God se familie .................................. 44
Verkondig die goeie nuus ................. 46
Hemel en hel .................................. 48
Nagmaal ........................................ 50
Vrugte ........................................... 52
Dien mekaar .................................. 54
'n Lys van die gawes van die Gees ..... 56
Jesus kom my haal .......................... 58
Ons Vader ...................................... 60
INDEKS .......................................... 62

'n Bybelaktiwiteitsboek wat kinders kan help om die basiese waarhede van die Skrif te verstaan en by hulle die begeerte te skep om die hele Bybel te bestudeer en te verstaan.

Hallo,

Hierdie boekie is spesiaal vir jou geskryf.
Skryf jou naam hier in:

______________________________


As jy wil, kan jy 'n potlood gebruik om die aktiwiteite mee te doen. Op die manier kan jy die dele uitvee wat jy weer wil doen.

Mag God jou help sodat jy die belangrike dinge in die boek kan verstaan, terwyl jy nuwe dinge ontdek op jou reis tussen Genesis en Openbaring.

"Skattejag": Kan jy so 'n vissie  iewers in die boek vind?

# Die Skepping


Die woord **skep** beteken om te **maak**. Alles wat deur God gemaak is en wat ons rondom ons sien, noem ons die **skepping**. Wanneer ons iets wil maak, het ons goed nodig om mee te werk. Gewoonlik gebruik ons materiale en gereedskap.



Materiale is goed soos klei, hout, papier, verf of gom wat deel word van dit wat ons maak.

Gereedskap is goed soos hamers, sae of skêre wat gebruik word om die materiaal te vorm.





## Maar ...

toe God alles gemaak het, het Hy met niks begin nie. Al wat Hy gedoen het, was om te praat, en dinge het verskyn presies soos wat Hy hulle wou hê! Op die volgende bladsy is net 'n paar van die goed wat Hy gemaak het …

Genesis 1, Genesis 2, Kolossense 1:15-16





Kyk of jy die woorde in die blok hieronder kan raaksien. Omkring hulle wanneer jy hulle kry.

| | |
|---|---|
| KEWERS | LIG |
| VOËLS | LEEUS |
| WÊRELD | MENSE |
| OLIFANTE | PLANETE |
| VISSE | SEE |
| GRAS | STERRE |
| INSEKTE | BOME |
| LAND | WATER |
| BLARE | WURMS |





| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | E | W | E | R | S | H | L | I | G | T | S | M | L | M |
| O | L | S | T | K | N | P | W | U | R | M | S | K | R | S |
| M | G | O | R | S | T | B | L | B | A | S | B | K | T | E |
| E | M | L | P | K | E | H | L | O | S | T | E | R | R | E |
| N | T | I | V | W | E | R | E | L | D | P | B | T | K | L |
| S | B | F | R | A | Y | U | E | I | K | V | O | Ë | L | S |
| E | L | A | Z | T | V | P | U | J | Y | P | M | O | I | L |
| L | A | N | D | E | I | N | S | E | K | T | E | H | V | M |
| T | R | T | C | R | B | N | M | I | U | T | H | W | I | B |
| G | E | E | F | T | U | J | K | K | G | D | A | S | S | O |
| Y | H | U | E | T | P | O | V | B | I | M | B | A | S | A |
| S | Y | I | K | R | P | L | A | N | E | T | E | A | E | P |




# Dis hoe dit alles begin het ...

Soek <u>Genesis 1</u> in jou Bybel op en voltooi die woorde hieronder.




**Op dag** ↓ **skep God** ↓

| Op dag | skep God | Genesis |
|---|---|---|
| **1** | L _ g | **1:3-5** |
| **2** | He _ _ l | **1:6-8** |
| **3** | A _ rd _, s _ e en plan _ e | **1:9-13** |
| **4** | S _ n, m _ _ n en s _ _ r r _ | **1:14-19** |
| **5** | _ _ s _ _ en vo _ _s | **1:20-23** |
| **6** | Di _ _ _ en m _ _ se | **1:24-31** |
| **7** | God het ge _____. | **Genesis 2:2-3** |




Genesis 1, Johannes 1:1-4

**Sjoe!** Dink net hoe dit moes wees om te kon sien hoe God al hierdie dinge gedoen het. Wel, jy het die eerste ses dae gemis, maar as jy om jou rondkyk, sal jy nog steeds al die baie goed sien wat God geskep het.

Teken 'n prentjie van 'n paar dinge wat God geskep het:





Eers was alles perfek, maar toe het iets gebeur. Lees Genesis 3 om uittevind wat verkeerd geloop het.

# God

## SONDE

**Sonde kom tussen ons en God.**

Jesaja hoofstuk 59 vers 2



Toe God die eerste mense geskep het - Adam en Eva - het Hy hulle laat kies of hulle aan Hom gehoorsaam wou wees en of hulle eerder na die duiwel se leuens wou luister.

God het vir Adam vertel wat hy alles in die paradys kon doen en geniet. Maar daar was een ding wat God nie wou hê hulle moes doen nie. God het gesê hulle mag nie van die vrug van 'n spesiale boom in die middel van die tuin eet nie. Maar Adam en sy vrou, Eva, was albei deur die duiwel verlei om nie na God te luister nie. Hulle het besluit om die duiwel se leuens te glo en toe doen hulle wat God vir hulle gesê het om nie te doen nie. Deur ongehoorsaam te wees het die sonde en die dood in die wêreld gekom.

Van Adam af het elke mens op aarde gesondig deur aan God ongehoorsaam te wees - vergelyk Romeine 3:23. Sonde is die verkeerde, lelike goed wat ons doen en dink. Ons sondig ook wanneer ons nié doen wat God wil hê ons moet doen nie. Sonde bring skeiding tussen God en ons -vergelyk Efesiërs 4:18.

# God se vyand - die duiwel

Die duiwel was net 'n engel in die hemel voordat hy gesondig het omdat hy net so magtig soos ons God wou wees. Maar God het hom uit die hemel uit tot in die dieptes van die hel gegooi.

Nou gebruik hy mense om God te probeer terugkry. Al is die duiwel God se vyand, kan hy God nooit ooit wen nie. Al wat hy kan doen, is om jou in die versoeking te lei om te sondig. Hy kan jou nooit dwing om iets te doen wat jy nie wil nie!


Beantwoord elke vraag deur 'n sirkel om die
J (ja) of die N (nee) te trek.

**Is die duiwel net so sterk soos God? J N**

**Kan die duiwel jou dwing om iets verkeerds te doen? J N**

**Is die duiwel sterker as God se Gees in jou? J N**

Lukas 10:18, Jesaja 14:12-15, 2 Petrus 2:4




Hier is'n kragtige vers uit die boek Jakobus. Vul al die ontbrekende vokale (a, e, i, o, u) in om uit te vind wat dit sê.


Onderw_rp j_ll_
d_n _ _n G_d.
St_ _n d_ _ d_ _w_l
t_ _ _n hy s_l v_n
j_ll_ _f w_gvl_g.

Jakobus 4:7

# Met ander woorde ...

**Met God se krag in ons hoef ons nooit na die duiwel te luister of vir hom bang te wees nie.**

2 Timoteus 2:26, 2 Tessalonisense 3:3




# Versoeking, die duiwel se vangstrik

Soms wil ons regtig nie die verkeerde ding doen nie, maar op die een of ander manier sondig ons in elk geval. Versoeking is die duiwel se manier om ons so ver te kry om teen God te sondig.


Onthou, versoeking is nie sonde nie. Ons sondig wanneer ons doen wat die duiwel wil hê ons moet doen: om ongehoorsaam te wees aan God.

## Wat om te doen wanneer jy versoek word ...

- **Hardloop weg van die versoeking af. - 2 Timoteus 2:22**
- **Sê hardop wat die Bybel oor sonde sê. - Lukas 4:1-13**
- **Bid dat jy nie in die versoeking sal kom nie. - Matteus 6:13**
- **Moenie by maatjies speel wat jou slegte dinge laat doen nie. - Psalm 1:1**
- **Bly weg van plekke waar jy maklik in die versoeking kan kom.**

## Jy kan elke keer wen! . . . . . . . .

2 Timotheus 2:26, Hebreërs 12:1, 1 Korintiërs 10:13



Herinner die woorde hieronder jou aan kere toe jy gedoen het wat jy weet verkeerd is?

Verbind elke woord met sy regte betekenis...

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Getwis | Om nie die waarheid te praat nie (of om die waarheid nie uit te leef nie) |
| Kullery | Om iets te vat wat nie aan jou behoort nie |
| Jaloesie | Om met woorde te baklei |
| Haat | Om iets wat teen die reëls is in die geheim te doen |
| Leuens | Om onsself te prys vir wie ons is of wat ons het |
| Trots | Om lelik te wees omdat iemand anders iets het wat ons wil hê |
| Stelery | Om aaklige, lelike gedagtes teenoor iemand anders te hê |

Hierdie is net 'n paar van die dinge wat Jesus baie hartseer maak. Wanneer ons sondig, maak ons ander mense seer en maak ons onsself ongelukkig.

2 Petrus 2:9, Jakobus 1:12




# God maak 'n plan

God is so volmaak en heilig dat Hy nie eens na ons sondes kan kyk nie. Dit beteken dat die sondes in ons lewe ons van God af weghou. Sonder God in ons is ons gees dood, want God is die enigste een wat ons gees lewe kan gee.

Maar God is lief vir mense en wil hê dat hulle saam met Hom moet lewe. Daarom moes die mense wat op aarde geleef het voordat Jesus gekom het, 'n dier doodmaak om vir hulle sondes te betaal.

God het die sonde van doe sondige mens op die dier gesit. Die dier is dan op 'n altaar geoffer om in die plek van die mens te sterf.


Maar hierdie manier om mense se sonde weg te neem is net vir 'n rukkie gebruik. Dit was 'n teken van wat God sou doen. God het sy enigste seun, Jesus, gestuur om vir eens en vir altyd te betaal vir die wêreld se sondes.

| |
|---|
| Jesaja 59:2, Levitikus 9:7, Hebreërs 9:22 |





Skryf die letters wat op die altaar geskryf is op die bypassende rotse neer.






**Die mense moes 'n ...**




LEES VERDER ...

# Jesus, die Lam van God

Nog voordat God die wêreld gemaak het, het Hy besluit om sy Seun, Jesus, op die regte tyd te stuur om in ons plek te sterf.


Jesus was die **enigste een** wat mens kon word en nog steeds soos God sonder sonde kon wees. Dis waarom Jesus die enigste een is wat ons sondes op Hom kon neem en gestraf kon word asof Hy gesondig het. Op hierdie manier kon ons sondes uiteindelik weggeneem word. Nou kan God weer na ons kyk asof ons nog nooit gesondig het nie.

*Daarom het God sy Seun, Jesus, aarde toe gestuur.*

"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."
Johannes 3:16

Johannes 1:29, Openbaring 13:8, 2 Korintiërs 5:21

Kyk of jy die enigste manier kan kry waarop ons sondes weggeneem kan word …



**Deur die bloed van Jesus**

Psalm 51:7, Hebreërs 7:25, Hebreërs 9:24-26


# JESUS WORD OP AARDE GEBORE

Om net soos ons te kon word moes Jesus ook soos ons gebore word. Maar daar was een belangrike verskil: die Heilige Gees het die Jesus-baba binne-in sy ma, Maria, laat groei.

Toe Jesus gebore is, was Hy nie helfte God en helfte mens nie, maar volkome God en heeltemal soos ons. Jesus het aarde toe gekom net soos God belowe het. Hy is Immanuel genoem en dit beteken: God by ons. Dit het Jesus se geboorte baie spesiaal en baie anders gemaak.

Maria het haar baba in 'n voerkrib neergelê omdat daar nie plek vir hulle in die besige Betlehem was nie. Daardie aand het God engele gestuur om vir skaapwagters, wat in 'n veld daarnaby was, die goeie nuus van Sy geskenk aan alle mense, te vertel. Die skaapwagters het na die dorpie toe gegaan en vir Maria, Josef (wat belowe het om met Maria te trou) en vir Jesus gekry, net soos die engele vir hulle gesê het.

Jesaja 7:14, Miga 5:2-5, Matteus 1:18-24



Kan jy die tien verskille tussen die twee prentjies raaksien? Omkring hulle.



## ‘n Paar jaar later …

Toe Jesus ‘n jong man was, het Hy twaalf beste vriende gekies om Hom te help om die goeie nuus van God se liefde vir mense te vertel. Maar daar was ander mense wat Jesus wou doodmaak omdat hulle nie in Hom geglo het nie. Hulle was jaloers, want baie mense het Jesus begin volg.

Lukas 1:26 tot 2:20,  Jesaja 9:6



Jesus het in jou plek gesterf

# Jesus sterf vir ons sondes

Slegte mense het Jesus gegryp en Hom aan 'n houtkruis vasgespyker. Terwyl Hy aan die kruis gehang het, het Hy God gevra om hulle te vergewe vir wat hulle gedoen het.

> *Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende ...* *
> *Jesus*

*(Johannes 15:13-14)

Die hele wêreld se sondes het op Hom gerus. Vir daardie oomblik het God sy gesig van Jesus af weggedraai. Die lug het donker geword en die gordyn in die tempel het van bo tot onder middeldeur geskeur. Die volle prys vir die sondes wat ons van God af weggehou het, is eens en vir altyd betaal. Jesus het al die skuld vir ons sondes gedra. Op daardie Vrydagmiddag het sy vriende Hom in 'n graf begrawe en 'n groot, ronde klip voor die ingang gerol. Jesus was dood.

Psalm 22:12-18, Matteus 27, Markus 15




Hoe laat dit jou voel? Hoekom skryf jy nie vir Jesus 'n brief nie?

Liewe Here 

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................


..........................................................................................

..........................................................................................

Lukas 23, Johannes 19, 1 Petrus 1:18-19




# HY LEWE !



Op die derde dag nadat Jesus gesterf het, was daar 'n aardbewing en het 'n engel die klip voor die grafopening weggerol. Dit was Sondagoggend en Maria was die eerste een wat ontdek het dat die graf leeg is. Die twee engele wat by die graf gestaan het, het vir haar gesê dat Jesus uit die dood opgestaan het. Hulle het gesê:

**Hy is nie hier nie,**
**Hy het ...**

*Vind die verstekte letters in die blokkies en skryf hulle bo aan.*



Matteus 28:1-10, Markus 16:1-8, Lukas 24:1-12

Vry Sat Son
~~1~~ ~~2~~ ~~3~~

Maria was 'n bietjie verward, maar baie bly. Sy het teruggehardloop en vir die ander gaan vertel dat Jesus leef. Jesus het ook aan twee mans verskyn wat van Jerusalem af op pad terug na hulle dorpie toe was. Toe hulle besef dat dit Jesus is, het hulle ook teruggehardloop om vir die dissipels te gaan vertel dat Jesus opgestaan het.

**Jesus het Homself aan die volgende mense gewys**

⇩

*Skommel die letters of soek die verse in jou Bybel op.*

_ _ _ _ _ ........................ arMai

_ _ _ _ reisigers ............... ewet

_ _ _ _ _ _ _ _ ............ sidipsel

Vyf_ _ _ _ _ _ _ _ ander ... denorhd

**Markus 16:9**

**1 Korintiërs 15:6**

**Markus 16:12**

**Markus 16:14**

Johannes 20:1-18, Lukas 24:13-45, Openbaring 1:18




# JESUS VERGEWE

Wat het met Jesus se dissipels gebeur?

Die nag voordat Jesus gekruisig is, het 'n klomp slegte mense gekom om Jesus gevange te neem. Petrus en Jesus se ander vriende was so bang dat hulle almal wegge-hard-loop het. Petrus het selfs vir iemand in die skare gesê dat hy nie weet wie Jesus is nie, maar na die tyd was hy baie jammer dat hy dit gesê het.

Maar nou lewe Jesus weer, en Hy wil Homself aan al sy vriende wys veral aan Petrus. Toe Hy Petrus sien, praat Hy op 'n baie liefdevolle manier met hom. Jesus wil nog steeds Petrus se beste vriend wees en Hy vra Petrus selfs om 'n baie spesiale werk vir Hom te doen.

Jesus is net so lief vir elkeen van ons en wil ons vergewe vir die kere wat ons Hom hartseer gemaak het. Wanneer jy iets verkeerds gedoen het, moet jy Jesus altyd vra om jou te vergewe en vir Hom sê dat jy jammer is oor wat jy gedoen het.

Jesaja 1:18, Matteus 26:69-75, Johannes 21:15-19

Wat God sien wanneer jou sondes vergewe is.

(net spier wit)



# Onthou jy ...

- ☐ iets slegs wat jy gesê het?
- ☐ 'n verkeerde ding wat jy gedoen het?
- ☐ 'n keer toe jy trots of jaloers was?
- ☐ 'n keer toe jy iemand gehaat het?

## Sonde maak ons lelik aan die binnekant

*Omkring die woorde wat beskryf hoe jy voel wanneer jy gesondig het.*

sleg

vuil

skuldig

hartseer


bang

**Vra Jesus om jou te vergewe**

**(As jy nie mooi weet hoe om te bid nie, blaai na bladsy 36.)**

God belowe dat: * Hy jou sondes sal weg was.
* Hy nooit weer aan jou sondes sal dink nie.

Psalm 103:12-14, Jeremia 31:34



# GAAN VERTEL VIR DIE WÊRELD

Nadat Jesus uit die dood opgewek is, het Hy Homself aan baie mense gewys. Toe neem Hy sy dissipels eendag na die kruin van 'n nabygeleë heuwel, wat die Olyfberg genoem is. Jesus het geweet dat Hy sy dissipels moes verlaat en na sy Vader in die hemel toe teruggaan. Daar was egter iets baie belangriks wat Hy vir sy dissipels wou sê voordat Hy moes weggaan. Dit is wat Hy vir hulle gesê het:

**"Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom." Markus 16:15**

vertel

almal

Deur die jare is hierdie goeie nuus oor die hele wêreld verkondig en ook aan jou oorgedra. Maar Jesus het nie net spesiale mense gebruik om ander van sy liefde te vertel nie. Hy wil elkeen gebruik wat sy volgeling geword het. Net soos wat jy die goeie nuus gehoor het, moet jy dit ook aan ander mense oorvertel (kyk op badsy 46).



## Kan jy uitwerk wat ons moet doen?

Maak gebruik van die geheime kode om die woorde hieronder te voltooi.

| | | |
|---|---|---|
| さ | = | a |
| ず | = | d |
| ぐ | = | e |
| み | = | J |
| め | = | l |
| や | = | n |

| | | |
|---|---|---|
| け | = | r |
| し | = | s |
| ご | = | t |
| び | = | u |
| で | = | v |

**Ons moet ...**

さやずぐけ　でさや

a _ _ _ _　_ _ _

みぐしびし　でぐけごぐめ

_ _ _ _ _　_ _ _ _ _ _

Matteus 28:16-20, Jesaja 6:8



# JESUS GAAN TERUG HEMEL TOE

Nadat Jesus met sy vriende, die dissipels, gepraat het, het sy voete van die grond af begin lig en het Hy in die wolke verdwyn.

Terwyl hulle nog so staan en opkyk, verskyn twee mans in wit klere langs hulle en sê: “Waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hiedie Jesus wat van julle af na die hemel toe gegaab het, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien gaan het.” Daarna het die dissipels terug Jerusalem toe gegaan en God met vreugde geprys.


Vandag is Jesus in die hemel en Hy sit aan die regterhand van God die Vader. Hy waak oor jou en luister na jou wanneer jy tot Hom bid. Wanneer jy bid, neem Jesus jou plek voor God in asof jy self daar staan. Jesus verstaan regtig hoe jy voel, want Hy was ook eenmaal ‘n kind toe Hy na die aarde toe gekom het. (Lees Romeine 8:34.)

Markus 16:19, Lukas 24:51, Handelinge 1:9-11



Teken die buitelyne van die letters wat agter die wolke weggesteek is.

## Jesus gaan terug ...



**toe**

Kleur die dissipels
met helder kleure



Hebreërs 2:18 en 4:15, Hebreërs 8:1-6

# My "NUWE LEWE"-besluit

## ? Wat moet ek doen om hierdie nuwe lewe te ontvang?

- **Glo dat jy teen God gesondig het. (Romeine 3:23)**
- **Sê dat jy jammer is oor jou sondes en dat jy wil ophou om die verkeerde goed te doen. (Handelinge 3:19)**
- **Vra Jesus om jou te vergewe en jou hart skoon te maak. (Psalm 51:2,7)**
- **Vertrou Jesus om jou van jou lewe van sonde te bevry en vir jou 'n nuwe lewe te gee wat vir altyd sal aanhou. (Johannes 6:47)**
- **Sê vir Jesus dat jy Hom wil volg en dat Hy die Here van jou lewe - die nommer een in jou lewe - moet wees. (Johannes 12:26)**

### 'n Gebed wat jy kan bid

Liewe Here, ek glo dat U na die aarde toe gekom het om vir my sondes te kom doodgaan. U is die enigste een wat my sondes kan wegneem, want U is die Seun van God. Vergewe my, asseblief, en reinig my van alle sondes. Maak my nuut en help my om U vir die res van my lewe te volg. Ek wil hê dat U van vandag af die Here van my lewe moet wees. Ek is lief vir U, Here! Amen.

**Dit is die belangrikste keuse wat jy in jou lewe gaan maak!**






## Van nou af...

**Bid gereeld**
dis jou noodlyn hemel toe (kyk op bladsy 36).

**Lees elke dag Bybel**
dis jou padkaart vorentoe (kyk op bladsy 38).

**Gaan kerk toe**
dis jou familie (kyk op bladsy 44).

**Vertel vir ander mense**
dis jou spesiale opdrag (kyk op bladsy 46).

## Wat om te verwag

Verwag dat die Heilige Gees jou met Homself sal kom vol maak. God se Gees kom in jou bly (kyk op bladsy 28).

Verwag om bevry te word van die gewoonte om te sondig. As jy 'n fout maak, vra Jesus om jou te vergewe (kyk op bladsy 30).

Verwag dat daar soms moeilike tye gaan wees. Die lewe is nie maklik nie, maar Jesus is by jou om jou te help (kyk op bladsy 42).

Verwag dat Jesus enige oomblik weer gaan kom net soos wat Hy belowe het. Hy gaan almal kom haal wat in Hom glo (kyk op bladsy 58).



# My Helper

Voordat Jesus hemel toe is, het Hy vir sy volgelinge vertel dat Hy hulle nie alleen sou laat nie, maar 'n vriend sou stuur om hulle te vertroos en te help. Daarom het Jesus die **Heilige Gees** gestuur om almal te help wat in die toekoms in Hom sou glo. Maar die Heilige Gees is nie net op een plek op 'n slag soos wat Jesus was toe Hy op aarde was nie.

## Feite oor die Heilige Gees:

- Hy is by ons wanneer ons moedeloos of hartseer is, en help ons deur moeilike tye.
- Hy wys vir ons wat om te doen wanneer ons belangrike besluite moet neem.
- Hy help ons om dele van die Bybel te onthou wat ons geleer het. Dit is baie belangrik wanneer ons vir ander mense van Jesus vertel, of wanneer ons in die versoeking kom om verkeerd te doen. (Lees Lukas 12:12)
- Hy help ons om meer soos Jesus te word deur vir ons op die dinge te wys wat ons nog verkeerd doen. Hy help ons ook om die regte dinge te wíl doen.
- Hy help ons bid en maak God 'n werklikheid vir ons.
- Hy gee vir ons gawes waarmee ons ander mense kan dien en help (kyp op bladsy 56).
- Hy is ons bewys dat ons aan God behoort. (Lees 2 Korintiërs 5:5)

1 Korintiërs 6:19, Lukas 11:13, Titus 3:5-6




Al kan ons Hom nie sien nie, bly God as die Heilige Gees in elke mens wat weer gebore is en aan die binnekant nuutgemaak is.

**Die woorde hier onder herinner ons aan die Heilige Gees.**

Kan jy hulle regte plek in die blokkies kry?


**WERKLIKHEID**
**HERINNER**
**BEMOEDIG**
**WAARSKU**
**GAWES**
**TROOS**
**KRAG**
**HELP**
**LEI**




Efesiërs 1:13-14, Handelinge 2:3-4, Romeine 8:9



## Jippiiieee ...



# Ek is vry!


As jy God gevra het om jou te vergewe, en Jesus toelaat om in beheer van jou lewe te wees, is jy bevry van die duiwel se houvas op jou. **Jy behoort nou aan Jesus**. Jy is nie meer die duiwel se slaaf nie. Jesus het jou met sy eie bloed vrygekoop.

Een van die duiwel se slimstreke is om jou te vertel hoe sleg jy is of om jou aan al die slegte dinge te herinner wat jy gedoen het. Maar ...

**Onthou!**


Die bloed van Jesus reinig (was) jou van al die sondes wat jy in die verlede gedoen het, en selfs die dinge wat jy vandag, môre en die res van jou lewe kan verkeerd doen. Jy is vry - 'n kind van die Koning van die konings!

Romeine 6:6-7, Romeine 8:2, Galasiërs 5:1



Alhoewel die duiwel jou nog steeds in die versoeking gaan lei om na jou ou sondige lewe terug te keer, het hy nie meer enige mag oor jou nie. Jesus, die Koning, bevry jou van die duiwel se houvas op jou en die **gewoonte** om te sondig.


Die sleutelvers het iemand vrygemaak.
Wie is dit? ________________




**Johannes 8:36**

**As die Seun jou vrymaak, sal jy werklik vry wees.**

Volg die ketting ...




Hebreërs 2:14-15, Romans 6:17-18





Matteus 10:42

# Om vir God te gee

Het jy al ooit gewens dat jy iets vir God kon gee, maar net nie geweet hoe nie? Soms wil jy dalk vir God wys hoe lief jy vir Hom is of dankie sê vir alles wat Hy vir jou gegee het.

Wanneer jy iets vir ander mense gee, maak jy God so bly dat jy dit net sowel vir God self kon gegee het. Jesus sê wat ons ook al vir die onbelangrikste mens doen, doen ons eintlik vir Hom, die Koning van alle konings. Sjoe! Jy kan so baie verskillende goed gee, klein of groot. God kyk na jou hart en sien jou liefde raak.

Ons kan direk vir iemand gee wat in nood is, maar 'n ander baie goeie manier is om deur die kerk te gee. Op hierdie manier kan al die offergawes van almal in die kerk saam gebruik word om God se koninkryk te help groei. Die maklikste manier om vir die kerk te gee is om geld te gee, want dit kan op baie verskillende maniere gebruik word.

Matteus 25:40, 1 Korintiërs 16:2, 2 Korintiërs 9:7




As jy sakgeld kry, kan jy bietjie daarvan eenkant sit om vir God te gee. Anders kan jy miskien geld verdien deur vir iemand 'n werkie te doen of iets te verkoop wat jy self gemaak het. Vra God om vir jou die beste manier te wys waarop jy Hom kan dien.

Op 'n dag kyk Jesus hoe mense geskenke en offergawes na die tempel toe bring. 'n Arm weduwee het twee muntstukkies ingegooi wat min werd was. Die ander mense het groot bedrae geld gegee.

Om uit te vind wat Jesus vir sy vriende gesê het, lees Markus 12:42-44. Omkring dan die regte

Wie het meer gegee? die **weduwee** die **rykes**

Jesus sê: 'Die weduwee het **min** **alles** gegee'




1 Korintiërs 13:3



# Groei in die GELOOF

*'die GELOOF' is wat ons as Christene glo*


Dink net hoe dit sou wees as jy moes ophou groei toe jy nog 'n babatjie was. Kan jy dink hoe 'n tuin sou lyk as die sade van bome en plante net opgekom het en dan ophou groei het?

Net soos wat God ons liggaam laat groei, wil Hy ook hê dat ons gees moet groei.  Dit beteken nie dat jou gees groter word nie, maar dat ons al hoe meer word soos wat God graag wil hê ons moet wees.

As jy weer gebore is deurdat jy Jesus gevra het om jou nuut te maak, is jy soos 'n klein saadjie wat in die konink-ryk van God opgekom het. Jou wortels is in Jesus geanker sodat hulle sy goedheid kan opneem wat na jou toe deur-vloei. Die liefde en goedheid van Jesus vul jou lewe deur die geloof wat jy in Hom het. Namate jy jou vertroue in Jesus stel, groei jy in Hom en sal jy soos 'n groot boom teen versoekings en moeilikheid kan staan.

Kolossense 1:3-6, 10,  Efesiërs 4:13-16

Begin by die pyltjie en skryf elke tweede letter op die lyn hier onder neer.






Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou …
Kolossense 2:6-7

O _ _   _ _ _ _ _   _ _ _   _ _ _   _ _

_ _ _   _ _ _ **en Hy in ons.**

## Maniere om te groei …

- ☐ Groei in die Woord (leer ken die Bybel).
- ☐ Oefen jou geloof deur God in alles te vertrou.
- ☐ Kom weg van die bose (slegte dinge).
- ☐ Probeer om die Here in alles te gehoorsaam.
- ☐ Laat jou liefde vir God en ander mense oorloop.
- ☐ Bid gedurig.
- ☐ Luister na wat die Heilige Gees vir jou sê.

Romeine 10:17, Psalm 139:2, 1 Tessalonisense 5:22,23



# Praat met God

God hou daarvan om te luister wanneer van sy kinders bid. Daar is altyd soveel dinge waaroor 'n mens met God kan praat, want niks is te klein om vir Hom te vertel of te vra nie. Dinge wat vir jou belangrik is, is belangrik vir God. As jy tyd het om te praat, het Hy altyd genoeg tyd om na jou luister. Maar weet jy wat is selfs nog wonderliker? God is almagtig en Hy kan iets doen aan die dinge waaroor jy met Hom praat. Jy kan hardop met God praat of net die gedagtes dink wat jy wil hê God moet weet.

As jy graag tot God wil bid, maar nie weet wat om vir Hom te sê nie, gebruik die gebed wat Jesus gebid het toe sy vriende Hom gevra het om hulle te leer bid. Gaan lees Matteus 6:9-13 in jou Bybel. Hierdie gebed sal jou help om te begin, en dan kan jy net met jou eie woorde aangaan. Die Heilige Gees sal jou help om te bid.

Johannes 14:13-14, Filippense 4:6, Romeine 8:26



Jesus sê ons is sy vriende

Dit beteken gebed is soos om met jou beste vriend te praat

## Hier is 'n paar goed wat jy kan bid …

**Sê vir God dat Hy wonderlik is.**
**Sê vir Jesus dat Hy die Here van jou lewe is.**
**Sê vir Jesus dat jy Hom liefhet.**

**Dank Jesus omdat Hy in jou plek gesterf het.**
**Dank Jesus omdat Hy jou gered het.**
**Dank God vir die dinge wat Hy vir jou gegee het.**

**Bid vir jou ouers.**
**Bid vir jou vriende.**
**Bid vir die mense wat nie vir Jesus ken nie.**

**Vra Jesus om jou te vergewe.**
**Vra Jesus om jou te beskerm.**
**Vra Jesus vir iets persoonliks.**

**Jesus sê dat ons in sy Naam tot die Vader moet bid (Johannes 14:13-14). Hy sê dat ons slegs deur Hom na die Vader toe kan gaan.**

Johannes 15:14-15, Johannes 14:6, Johannes 16:23-24



# Lewe in the lig

Het jy al ooit in die donker oor iets gestruikel? Het jy al ooit in die nag verdwaal omdat jy nie kon sien waar jy moes gaan nie?

In hierdie donker wêreld van sonde het God die Bybel vir ons gegee om ons lig te wees. Die Bybel wys vir ons watter pad ons moet loop en keer dat ons nie in die duisternis van sonde verdwaal nie. Hoe meer ons die Bybel gebruik, hoe duideliker sien ons die pad wat God wil hê ons moet kies.


Die Bybel is geskyf deur baie verskillende mense. Hulle het presies geskryf wat God wou hê hulle moet skryf.

Die Ou Testament is geskryf deur profete, konings, leiers en gewone mense wat God op ‘n spesiale manier gebruik het.


Die Nuwe Testament bestaan hoofsaaklik uit briewe wat geskryf is aan groepe mense en kerke nadat Jesus na die hemel toe pogevaar het. God het seker gemaak dat hierdie briewe veilig gebêre word sodat dit later saam met die Ou Testament ‘n volledige Bybel kan vorm.

Johannes 1:1-4, Johannes 8:12, 2 Korintiërs 4:3-6

Dit is altyd goed om dele van die Bybel uit 'n mens se kop te ken. Hier is 'n vers wat jy sommer nou kan leer ...



**U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.**







Die Bybel is in boeke, hoofstukke en verse verdeel om ons te help om 'n spesifieke gedeelte op te spoor.


- Die Bybel het twee hoofdele.
- Die twee dele bestaan elkeen uit baie verskillende boeke.
- Die boeke het hoofstukke.
- Die hoofstukke het baie verse.

Lukas 10:21, 1 Johannes 1:7




# Die Bybel

## Al hierdie boeke in een groot boek - die Bybel!




<u>Belangrik</u>: Gaan kyk in die inhoudsopgawe voor in jou Bybel as jy sukkel om 'n sekere boek in die Bybel te kry. Daar sal jy sien op watter bladsy die boek begin.

Romeine 15:4, 2 Timoteus 3:15, Handelinge 17:11




# BYBEL-LEES WENKE

1. Lees elke dag 'n deel van die Bybel. Begin by Matteus, Markus, Lukas of Johannes wat ons van Jesus vertel.
2. Sit 'n boekmerk in jou Bybel om jou plek te hou.
3. Maak 'n paar aantekeninge oor wat jy gelees het.
4. Vra God om jou te help om te verstaan wat jy lees en deur sy Woord met jou te praat.

Die woord "Bybel" verskyn 15 keer in die blok. Omkring hulle wanneer jy hulle kry. Die woord kan in enige rigting geskryf wees!

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | L | B | Y | B | E | L | Y |
| Y | E | Y | B | E | L | E | B |
| B | Y | B | E | L | E | B | Y |
| E | B | E | L | E | B | Y | B |
| L | E | L | E | B | Y | B | E |
| B | L | E | B | Y | B | E | L |
| L | E | B | Y | B | E | L | B |

Lukas 24:45, Psalm 119:11,50,160




# Reg om te veg

Wanneer jy Jesus vra om Koning van jou lewe te wees, is dit soos om van die duiwel se kant na Jesus se kant toe oor te loop. Jy veg nou aan die wenkant saam met baie ander mense wat ook besluit het om Koning Jesus te dien. As soldaat van die Here is daar kragtige wapens wat jy teen die duiwel moet gebruik. Sommige wapens word gebruik om jou te verdedig terwyl ander gebruik word om die werk van die duiwel aan te val en te vernietig.

Ons gebruik nie dieselfde wapens as wat aardse weermagte teen mekaar mee veg nie. Sommige geestelike wapens kan nie eens gesien word nie. God se wapens word gebruik om te veg teen die bose, sonde en die verleidelike gedagtes wat die duiwel op ons afvuur.

Selfs al is jy jonk hoef jy nie vir die duiwel bang te wees nie, want met Jesus binne-in jou is jy sterker as hy. Onthou, Jesus het alreeds die geveg teen die duiwel gewen toe Hy aan die kruis gesterf het om ons te red.




Romeine 12:21, 2 Korintiërs 10:4, 1 Timoteus 6:12



## Hier is jou wapenrusting:

Lees Efesiërs 6:10-17




_ _ _ _ _ _d
van die Gees



sk _ _ _
van geloof

g _ r _ el
van die waarheid





h _ _ _
van verlossing




b _ _ _harnas
van vryspraak

_ _ _ _ ne
van die evangelie



2 Timoteus 2:3,  Psalm 28:7



Julle word ook saam opgebou as 'n geestelike huis… 1 Petrus 2:5

# God se familie

Jesus verwag nie van ons om alleen te staan wanneer ons besluit het om Hom te volg nie. Hy weet dat ons ander mense nodig het en dat hulle ons nodig het. Hy wil hê

dat ons so gereeld moontlik na mekaar moet draai om hulp te kry en mekaar te bemoedig.

Almal wat in Jesus glo, behoort aan die liggaam van Jesus en word die kerk genoem. Hy is hoof van sy kerk en ons is die liggaam. Die kerk is dus eintlik nie 'n gebou nie, maar bestaan uit almal wat die Here Jesus liefhet.

Jesus wil hê almal wat aan Hom behoort, moet vir mekaar omgee en sy liefde deel. Hy wil ook hê dat ons ander mense moet nader bring wat nog nie aan Hom behoort nie. Maar ons moet saamwerk, want die taak on die goeie nuus vir almal te gaan vertel is te groot om op ons eie te doen.

Wanneer ons bymekaarkom, kan ons ook by ander mense meer van die Bybel leer, ons kan vir mekaar bid en God op 'n spesiale manier aanbid.


Efesiërs 1:22-23,  Efesiërs 2:19-22



Ons kom bymekaar om die volgende te doen:

- Om God te prys en te aanbid (Kolossense 3:16)
- Om van die Bybel te leer (Kolossense 1:28)
- Om ons gawes te gebruik om ander te help (1 Korintiërs 12:4-7)
- Om ons offergawes na God toe te bring (1 Korintiërs 16:2)
- Om saam te werk om ander van Jesus te vertel (1 Korintiërs 3:8-9)
- Om mekaar te bemoedig (Hebreërs 10:25)
- Om vir ander te bid (Matteus 18:19-20)
- Om saam nagmaal te gebruik (Handelinge 2:46)

◆ Omkring die ware kerk.





◆ Die kerk is die __ __ __ __ __ __ __ van Christus (Jesus).

◆ Jesus is die __ __ __ __ van die kerk

1 Korintiërs 12:12-13, Kolossense 1:18




# Verkondig die goeie nuus

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy vir die hele wêreld gesterf - (elke mens). Tog is daar baie mense wat nie weet dat hulle gered en bevry kan word van die sonde wat in hulle lewe heers nie.

Hulle het iemand nodig om hulle te vertel dat Jesus gekom het om hulle vry te maak en vir hulle nuwe hoop te gee. Jesus gee lewende water aan hulle wat dors om op die regte pad te loop, en vir almal wat moeg is vir hulle lewe van sonde. Jesus wil hê dat ons moet uitgaan en almal van Hom moet vertel.


# Hoe kan God my gebruik?

- ✓ Vertel aan ander hoe Jesus jou vriend geword het.
- ✓ Wys vir hulle dele in die Bybel wat hulle sal help om die regte pad te vind.
- ✓ Skryf 'n brief aan iemand wat 'n ware vriend nodig het.
- ✓ Nooi iemand saam met jou kerk toe.

Johannes 7:37, Matteus 11:28, Markus 5:19-20

Skryf 'n paar name neer van mense wat jy ontmoet en plekke waarheen jy gaan.

Dink aan hoe God jou kan gebruik om die mense rondom jou met die goeie nuus te bereik!




Romeine 10:13-14, 2 Timoteus 1:7-8, 2 Timoteus 4:2



# Hemel en hel

Wanneer jou liggaam eendag doodgaan, hou jou gees vir altyd aan met lewe. Jou liggaam is soos 'n kleipot* waarin jou gees bly. Wanneer ons sterf, is dit of die pot breek en die gees uit die liggaam bevry word. Maar wat gebeur dan?

Jesus het gesê dat Hy vooruit gegaan het om vir ons 'n plek gereed te maak.  Hierdie plek word die hemel genoem en dit is waar God bly en waar Jesus vir almal wag wat vir Hom lief is. In die hemel is daar geen hartseer, siekte of sonde nie. Daar sal geen nag wees nie, want Jesus gaan ons lig wees. Ons sal van blydskap sing terwyl ons God loof en aanbid.

Maar ongelukkig is daar mense wat besluit om vir hulleself te lewe en Jesus nie toelaat om hulle Here en Meester te wees nie. Baie mense het die duiwel gekies om hulle meester te wees. Hulle glo dat hy vir hulle beter dinge kan gee as die nuwe lewe wat Jesus gee. Die mense wat aan die duiwel se kant is, sal eendag hel toe gestuur word waar die duiwel regeer.

*2 Korintiërs 4:6-7,  Johannes 14:2-3,  Filippense 3:21




**Dis jou keuse**

Die hel is 'n lelike plek waar daar duisternis, pyn en sonde is en waaruit 'n mens nooit kan ontsnap nie. Maar jy kan sommer nou dadelik kies om Jesus jou Here te maak! (kyk op bladsy 26).

Merk die blokkies met 'n ✓ of 'n ✗


☑ ..sal in die hemel wees

☒ ..sal nie in die hemel wees nie

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ☐ | Jesus | Op. 5:13 | ☐ | Nag | Op. 22:5 |
| ☐ | Trane | Op. 21:4 | ☐ | God | Op. 7:11 |
| ☐ | Engele | Op. 5:11 | ☐ | Sonde | Op. 21:27 |
| ☐ | Son | Op.21:23 | ☐ | Blydskap | Op. 19:7 |
| ☐ | Sang | Op. 15:3 | | | |

(Op. is kort vir 'Openbaring', die laaste boek in jou Bybel.)

Lukas 16:20-31, 1 Petrus 1:3-4, Hebreërs 12:22-23



# Nagmaal

Wanneer jou liggaam eendag doodgaan, hou jou gees vir altyd aan met lewe. Jou liggaam is soos ‘n kleipot* waarin jou gees bly. Wanneer ons sterf, is dit of die pot breek en die gees uit die liggaam bevry word. Maar wat gebeur dan?


Jesus het gesê dat Hy vooruit gegaan het om vir ons ‘n plek gereed te maak.  Hierdie plek word die hemel genoem en dit is waar God bly en waar Jesus vir almal wag wat vir Hom lief is. In die hemel is daar geen hart-seer, siekte of sonde nie. Daar sal geen nag wees nie, want Jesus gaan ons lig wees. Ons sal van blydskap sing terwyl ons God loof en aanbid.


Maar ongelukkig is daar mense wat besluit om vir hulleself te lewe en Jesus nie toelaat om hulle Here en Meester te wees nie. Baie mense het die duiwel gek-ies om hulle meester te wees. Hulle glo dat hy vir hulle beter dinge kan gee as die nuwe lewe wat Jesus gee. Die mense wat aan die duiwel se kant is, sal eendag hel toe gestuur word waar die duiwel regeer.


Matteus 26:26-29,  Markus 14:22-25,  Psalm 51:2




Verbind die potloodstreep met die bypassende simbool.









.... herinner ons aan sy gebreekte liggaam







....herinner ons aan sy bloed







1 Korintiërs 11:23-29




# VRUGTE

Jesus sê dat Hy ons uitverkies het om vrug te dra. Dis nie soos die vrugte wat 'n mens eet nie, maar 'n bewys van die werk wat God se Gees in ons lewe doen as ons in Jesus gewortel is. Hierdie vrugte kan die hele jaar lank groei en word nooit sleg nie. Dit bly vir altyd vars. Jy kan selfs al die verskillende soorte vrugte op een slag hê.
Die vrug is die verandering wat mense in jou lewe sien waneer jy 'n kind van God word. Die verandering begin in jou hard. Jou hard lei dan jou gedagtes en so groei dit tot optrede wat vrug dra.

Net soos wat sommige bome min vrug dra terwyl ander vol ryp, sappige vrugte is, is dit soms ook nodig om ons eie vrugbaarheid te kontroleer. Hoe sigbaar is jou vrugte in die verskillende dele van jou alledaagse lewe? Wees eerlik met jouself en vul die kaart op die volgende bladsy met 'n potlood in. Later kan jy jou uitslag uitvee en oor 'n paar dae weer probeer.

Johannes 15:16, Johannes 15:2-8, Galasiërs 5:22-23



# Kontroleer jou vrugbaarheid

Volop    So-so    Min

**Die vrug van die Gees bestaan uit:**

| | |
|---|---|
| Liefde | |
| Vreugde | |
| Vrede | |
| Geduld | |
| Vriendelikheid | |
| Goedhartigheid | |
| Getrouheid | |
| Nederigheid | |
| Selfbeheersing | |

Moenie sleg voel as jy nie baie goed gedoen het nie, ten minste verdien jy 'n goeie punt vir eerlikheid! Bid oor die vrug waarmee jy sukkel en vra die Heilige Gees wat in jou is om jou te help. Dié vrug kom uit jou binneste, en groei wanneer jy die Heilige Gees toelaat om jou te beheer en te verander. As jou hart skoon is en jy goeie dinge dink, sal ander mense die vrug in jou lewe sien.

Filippense 1:9-11, Filippense 4:8



# Dien mekaar

Die Heilige Gees het vir jou ten minste een spesiale gawe gegee. Toe jy weer gebore is, het Hy jou met Homself gevul en vir jou 'n spesiale manier gegee om ander mense te dien en God te eer. Soms kan ons eers ons gawes ontdek wanneer ons die Heilige Gees toelaat om ons te gebruik.

Onthou, ons is nie net die Koning se dienaars nie, maar ook dienaars van ander mense. Ons gawes mag ons nooit laat dink dat ons beter as ander mense is nie en ons mag hulle nie tot ons eie voordeel gebruik nie.

Geestelike gawes is nie dieselfde as talente en vermoëns nie, al kan God hierdie dinge ook gebruik. Gawes word net aan ons gegee as ons ons lewe aan die Here gee om volgens sy wil te gebruik.

Die gawes wat ons ontvang, hang af van hoe God ons wil gebruik om sy kerk te help groei. Gaan kyk na die lys gawes op bladsy 56 en 57.


| |
|---|
| Hebreërs 2:4,  1 Korintiërs 12:7-11,  Efesiërs 4:11-12 |



Skryf elke los legkaartstuk se woord op die regte plek in die voltooide legkaart in.

gawes | te | die

sy | gebruik | dien




Elkeen | (1 Petrus 4 v 10)

ander | moet | om

vrygewigheid





onderskeiding

barmhartigheid



'n Lys van die

# Gawes van die Gees


**Romeine 12:6-8**

- **Bemoediging** — Om iemand wat moedeloos is te vertroos en moed in te praat.
- **Vrygewigheid** — Om met blydskap aan ander mense te gee.
- **Leierskap** — Om 'n groep so ver te kry om saam dinge vir die Here te doen.
- **Barmhartigheid** — Om arm en hulpelose mense te versorg.

**1 Korintiërs 12:8-10**

- **Wysheid** — Om die beste besluit in 'n moeilike situasie te neem.
- **Kennis** — Om te weet watter pad God aanwys.
- **Geloof** — Om 'n spesiale geloof en vertroue in God te hê.
- **Genesing** — Om ander deur God se krag gesond te maak.
- **Wonderwerke** — Om God toe te laat om op bonatuurlike wyse deur jou te werk.
- **Profesie** — Om op die regte tyd 'n boodskap van God af te bring.
- **Onderskeiding** — Om te weet of iets goed of sleg is.
- **Tale** — Om in 'n spesiale hemelse taal te bid.
- **Interpretasie** — Om 'n boodskap wat in 'n vreemde taal gebring word

1 Petrus 4:10, 1 Korintiërs 12:14 - 27




**1 Korintiërs 12:28**

| | |
|---|---|
| ⊙ Apostelskap | Om nuwe Christelike groepe of bedienings te begin. |
| ⊙ Lering | Om die Woord van God aan ander te verduidelik. |
| ⊙ Hulp | Om op praktiese maniere met God se werk te help. |
| ⊙ *A*dministrasie | Om te beplan en te sorg dat alles glad verloop. |

**Efesiërs 4:11**

| | |
|---|---|
| ⊙ Evangelisasie | Om die goeie nuus van Jesus aan ongelowiges te vertel. |
| ⊙ Herderskap | Om 'jonger Christene' te lei en te versorg. |

**1 Petrus 4:9-10**

| | |
|---|---|
| ⊙ Gasvryheid | Om jou goed te deel en ander welkom te laat voel. |

Weet jy wat jou gawe is? Kyk weer na die lys en besluit watter gawes jou opgewonde maak. Dalk gebruik jy al klaar jou gawe, maar het nog nooit besef dat dit werklik belangrik is nie. Skryf 'n paar maniere neer waarop jy God graag met jou gawe wil dien.

Vra die Heilige Gees om jou te help om jou gawes te herken.



**Is jy gereed?**

# Jesus kom my haal

Jesus het iets baie opwindends belowe. Hy het gesê dat Hy eendag weer sal terugkom om almal te kom haal wat aan Hom behoort. Hy het ook gesê dat Hy op 'n tyd gaan kom wanneer ons Hom nie verwag nie. Jesus gaan op die wolke kom, net soos sy dissipels Hom na die hemel toe sien opgaan het. Wanneer Hy kom, sal almal wat in Hom glo, in die lug opgeneem word en Hom met hulle nuwe liggaam ontmoet om vir altyd by Hom te wees.

Die mense wat nie in Hom glo nie sal agtergelaat word en verskriklike dinge beleef. Dit sal vir hulle te laat wees om Jesus te kies. Is jy gereed om Jesus te ontmoet as Hy vandag sou kom? (Kyk op bladsy 26.)


Jesus het gesê: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam me My." (Lees Openbaring 3:20.)

| |
|---|
| 1 Tessalonisense 4:13 tot 5:3, 2 Petrus 3:3-13 |

Verdeel die woorde op die regte plek deur die letters in die blokkies hieronder in te vul.

EKGAANOMVIRJULLEPLEKGEREEDTE
MAAKENASEKGEGAANHETENVIRJUL
LEPLEKGEREEDGEMAAKHETKOMEKT
ERUGENSALJULLENAMYTOENEEMSO
DATJULLEOOKKANWEESWAAREKIS.

**Jesus sê:**




Matteus 24:36-41, Matteus 25, 1 Korintiërs 15:51- 52

EK IS

# Ons Vader

Jesus het iets baie opwindends belowe. Hy het gesê dat Hy eendag weer sal terugkom om almal te kom haal wat aan Hom behoort. Hy het ook gesê dat Hy op 'n tyd gaan kom wanneer ons Hom nie verwag nie. Jesus gaan op die wolke kom, net soos sy dissipels Hom na die hemel toe sien opgaan het. Wanneer Hy kom, sal almal wat in Hom glo, in die lug opgeneem word en Hom met hulle nuwe liggaam ontmoet om vir altyd by Hom te wees.

Die mense wat nie in Hom glo nie sal agtergelaat word en verskriklike dinge beleef.  Dit sal vir hulle te laat wees om Jesus te kies. Is jy gereed om Jesus te ontmoet as Hy vandag sou kom? (Kyk op bladsy 26.)

Jesus het gesê: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam me My." (Lees Openbaring 3:20.)

Eksodus 3:14,  Jesaja 45:22,  *Openbaring 1:8

# VIR EWIG

Kan jy die geheime kode ontsyfer? Skryf die letter van die alfabet neer wat volg op die een wat in die kodewoord gebruik is. Byvoorbeeld, A word B, B word C, C word D ensovoorts (Z word A). Elke woord vertel ons iets van hoe God is.

## God is …

LZFSHF ____________________ Job 36:5

AZQLGZQSHF ____________________ Daniël 9:9

FDKNNEVZZQCHF ____________________ Johannes 3:33

JQZFSHF ____________________ 1 Korintiërs 1:25

VXR ____________________ 1 Korintiërs 1:25

FDSQNT ____________________ 2 Korintiërs 1:18

KHDECD ____________________ 1 Johannes 4:16

A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

Matteus 24:36-41, Matteus 25, 1 Korintiërs 15:51-52

# Indeks

Bybel .................................................... 38 - 41
Duiwel .................................................. 6, 7
Gawes van die Gees ............................ 54 - 57
Gebed .................................................. 36, 37
Geestelike wapenrusting ...................... 42, 43
Getuienis .............................................. 46, 47
God ...................................................... 60, 61
Groot opdrag ........................................ 22, 23
Heilige Gees ........................................ 28, 29
Heiligmaking ......................................... 34, 35
Hel ........................................................ 48, 49
Hemel ................................................... 48, 49
Hemelvaart ........................................... 24, 25
Intersessie (Jesus vir ons) .................... 24
Jesus .................................................... 12 - 25
Kerk ...................................................... 44, 45
Kruisiging ............................................. 16, 17
Nagmaal ............................................... 50, 51
Opstanding ........................................... 18, 19
Plaasvervanging .................................. 12, 13
Saligmaking .......................................... 26, 27
Skepping .............................................. 1 - 4
Sonde ................................................... 5
Vergifnis ............................................... 20, 21
Verlossing ............................................ 30, 31
Versoeking ........................................... 8, 9
Versoening ........................................... 10, 11
Vleeswording ........................................ 14, 15
Vrug van die Gees ............................... 52, 53
Vryheid in Christus ............................... 30, 31
Wederkoms ........................................... 58, 59

# Aantekeninge